

9/1/88 ✓

„WOLKEKRABBERS KAN NIE BID NIE”

'n waardering van Wald se Werk

deur

Natalie Knight

HERMAN WALD—wat meer as dertig jaar lank in Suid-Afrika gewerk het—is onlangs oorlede. Hy sal onthou word as 'n beeldhouer wat 'n groot bydrae tot ons land se kultuurbesit gemaak het met sy openbare beelde.

Hy is die skepper van die agtien lewendige rooibokkies wat in 'n boog oor die water van die Oppenheimer-fontein in Johannesburg spring; 'n onverganklike toonbeeld van grasia, skoonheid en lewensvreugde. 'n Direkte kontras daarmee is die somber herinnering aan die dood—'n Monument vir ons Martelare—wat die massamoord van 6,000,000 Jode in Europa gedenk. Dié monument staan in die Wesparkse kerkhof, en Herman Wald is begrawe langs die ses kolossale vuiste wat simboliese ramshorings vashou. Die horings staan paar-paar omhoog in die vorm van drie boë; onder die middelste boog is gebeeldhoude vlamme—eintlik Hebreuse letters, wat beteken: „Jy mag nie doodslaan nie”. Die Kria wat voor die oetehuis in Sandringham staan, is 'n yslike figuur, tien voet hoog, wat met kaal bors en geskeurde klere die tradisionele roubeklag simboliseer.

Hoewel Wald se werk monumentale kenmerke het, het hy nooit die basiese grondelemente van die lewe vergeet nie. Hy het baie kleiner beelde gemaak wat private huise en tuine versier. Een van die kenmerke van sy werk is die beklemtoning van sy geloof in die belangrik van liefde (hy het geglo: „dis liefde wat die wêreld laat draai”), 'n tema

NATALIE KNIGHT is van beroep prokureur. Sy is met 'n prokureur getroud, en die moeder van drie kinders. Intussen is sy ook die skryfster van 'n musiekdrama en 'n kinderdrama (Barney Days, Seven-o-naught) en vryskut-journalis.

wat uitgebeeld word in werke soos **Omhelsing** en **Die Minnaars**. 'n Ander aspek was sy waarneming en uitbeelding van vroue se swakhede en emosies—bv. **Die Narcissus**, sprekend van 'n ydel vrou wat haarself bewonder. In **Tête-à-Tête** smelt twee naakte vrouefigure—in blinkwit keramiek—saam in hul eie wêreldjies van skinder. Daar is Afrika-studies, o.a. 'n Bantoevrou wat geboorte skenk aan 'n kind. Daar is ook verskeie kleinerige skaalmodelle wat hy eintlik as monumente beplan het, en wat dalk nog eendag tot wasdom kan kom.

Ek was by toe hy drie weke voor sy dood 'n praatjie gehou het voor 'n groep vroue wat in kuns belangstel. Hy het ons vertel dat baie van sy beelde eers begin kon word nadat hy maande en selfs jare daarvoor nagedink het. Hy was 'n diep-ernstige man en nou verbonde met sy werk. Hy was nie afgetrokke nie, maar warm en vriendelik. Hy het gepraat van sy suksesse, maar daar was 'n ondertoon van hartseer, amper 'n soort nederigheid, en hy het die indruk gewek dat hy nie so baie bereik het as wat hy graag wou nie. Hy het o.m. verwys na die klein skaalmodelletjies wat hy gehoop het nog opgerig sal word.

En tog, ten spyte van sy intensiteit, het hy ook 'n sin vir humor gehad. Toe hy gevra is watter soort samelewing die mensdom nodig het, het hy sonder aarseling geantwoord: „Mansmense het vroumense nodig”.

Wald het 'n pittige sêding vir byna elke geleentheid gehad, en het trouens 'n boek saamgestel van oor die honderd aforismes. Hy het die vermoë gehad om die kern uit 'n gedagte te haal, en dit in woorde of in klei te omskep.

kuns



HERMAN WALD

Dis nie moeilik om sy hoë agting vir die vrouelike geslag te begryp nie. Sy vrou Vera was 'n uiters belangrike deel van sy lewe. Soos Edgar Bernstein dit elders gestel het: „Wald was gelukkig in dié opsig dat hy 'n vrou gekry het wat sy drome en sy aandrift begryp het; wat geweet het hy MOET skep, selfs al het hy nie brood nie—en wat self uitgespring het om die huis en gesin te help onderhou. Ek dink nie ek het al ooit 'n vrou ontmoet wat meer geheg was aan haar man as die dapper, goedgeaarde, altyd blymoedige Vera nie—doodgelukkig dat die noodlot, toeval, God of wie ook-al haar paadjie met Herman s'n laat kruis het, sodat sy haar krag kon gebruik om sy genialiteit te koester”.

Herman Wald was die seun van 'n rabbi. Hy is in Hongarye gebore, en het van kleins af 'n voorliefde gehad vir modelleerwerk in enige beskikbare medium.

Ten spyte van die besware van sy vader, wat graag wou hê dat sy seun in sy voetspore moet volg,

Vervolg op bladsy 46



Bo: Wald kon 'n gedagte in kiel omskep, sê die skryfster van dié artikel. So sien hy bv. vir Job.

WOLKCRABBERS KAN NIE BID NIE.—
Vervolg van bladsy 45

het Herman volgehou met sy kuns, en op 18-jarige leeftyd 'n beurs gewen vir studie aan die Akademie vir Skone Kunste in Budapest.

Hy het later in Wenen, Berlyn en Parys gestudeer, en in 1937 na Suid-Afrika gekom.

Weens sy agtergrond was die Bybel en ander godsdienstige temas 'n belangrike bron van inspirasie in Wald se werk. Sy biddende figuur **Die Gebed** was gegrond op sy aforisme—„uitgestrekte arms na die hemel, soos Gotiese argitektuur, was in die verlede die simbool van gebed; wolkekrabbers met plat dakke bid nie meer nie”.

Herman Wald se werk was nooit heeltemal abstrak nie, en hy het teenoor my gesê: „Ek dink nie dis genoeg as 'n kunswerk net simbolies is sonder 'n herkenbare vorm of gestalte nie”. Sy werk is verteenwoordigend, en hoewel dit simboliese betekenis het, kan 'n mens die vorm uitken, en die simboliek maklik verstaan. 'n Voorbeeld hiervan is **Lot Se Vrou**, 'n vrouefiguur wat in 'n soutpilaar verander. Die werk is simbolies van die hedendaagse samelewing, waar die menslike faktor met die materiële saamsmelt, en uiteindelik daardeur geabsorbeer word. Die soutpilaar laat 'n mens dink aan die groot geboue van die hedendaagse stede. Die mensdom

(hier verteenwoordig deur die vrouefiguur) word verswelg in die beton-oerwoud.

Portretkuns is nog 'n gebied waar Wald welbekend was. 'n Borsbeeld van Albert Schweitzer, twee keer lewensgrootte, staan in die foyer van een van Johannesburg se mediese sentrums. Ander borsbeelde wat hy gemaak het, is bv. dié van Albert Einstein, sir Ernest Oppenheimer, dr. Chaim Weitzmann en verskeie private opdragte.

Wald was 'n hoogs veelsydige beeldhouer. Hy het in hout, marmor, brons, glasvesel en keramiek gewerk, afhangende van die gevoel wat hy wou oordra. Die grootte van sy figure wissel van die dertien voet-hoë diamantdelwers wat 'n fontein vorm in Kimberley se burgersentrum, tot 'n keramiek-beeldjie van 18 duim, van 'n moeder wat treur oor die dood van haar seun.

Sy temas was uiteenlopend, en het lewe sowel as die dood omsluit.

Wald het die vermoë gehad om die waarhede en emosies van die mens sigbaar uit te druk. Hy het 'n tegniek gebruik wat die verteenwoordigende en die simboliese saamgevoeg het in 'n sintese wat hy sy eie gemaak het. ●

'n Ou vriend OK



BO: Hierdie onderonsie van die vroulike geslag noem Wald Tête-à-Tête



REGS: Dis 'n ineenstrengeling van geslagte, en heet Menslike Spiraal.

LINKS: Die Seëning, heet dié beeld.



ONDER: Seker die bekendste van Wald se groot werke is die roolbakkies van die Oppenheimer-gedenkfontein in Johannesburg. Hulle spreek vir hulself.

